# ONS *Adverteerders*

Sonder advertensies kan 'n blad nie vandag bestaan nie, maar aan die anderkant moet onthou word dat 'n firma nie graag 'n advertensie plaas as die sekerheid nie bestaan dat dit vir hom van ekonomiese voordeel gaan wees nie. 'n Blad soos ons s'n met sy beperkte sirkulasie, kan dus nie die ondersteuning van adverteerders verwag nie. Die feit dat daar nogtans firmas is wat gewillig is om advertensies in ons blad te plaas, is dus bemoedigend. Hierdie firmas plaas nie die advertensies met die oog op geldelike wins nie, maar suiwer en alleenlik omdat hulle daardeur die voortbestaan van ons blad wil verseker. In hierdie materialistiese eeu van ons is soiets byna ongehoords. Dat dit tog plaasvind, bewys weereens dat sommige van ons besigheidsmense besef dat tydelike gewin nie alles is nie, dat daar waardes is wat buite en bokant dit staan en wat vir ons jonger geslag hoop gee vir die toekoms. Solank as wat daar geldkragtige groepe is wat dit besef, sal ons westerse beskawing en kultuur voortbestaan, maar dan moet hul belangstelling spontaan wees. 'n Mens maak nie geld uit kultuur nie, maar die instandhouding en uitbouing van 'n kultuur kos baie geld.

Ons kan verder ook nie nalaat om 'n woordjie van hartlike dank te rig aan ons stadsvaders vir die geldelike hulp wat ons van hulle gedurende die jaar ontvang het nie. Die Stadsraad van Pretoria is kultuurbewus.

— Die Redakteur.